Paarlstraat 2124

Modelpark Uitbreiding 12

EMALAHLENI

1035

Fax: 086 659 0408

Cell: 082 770 7463

Liewe Ouers,

Baie welkom by Vinkel & Koljander. Ons sal ten alle tye u kind veilig laat voel en hom/haar stimuleer op alle vlakke van ontwikkeling tot ‘n gelukkige en optimaal ontwikkelde baba, peuter of kleuter.

Graag wil ons die volgende skoolreëls onder u aandag bring:

1. Toelatingsbeleid:

Kinders vanaf 2 maande tot 5 jaar (Graad RR).

Ons wil u kind deel maak van ons kleingroep ontwikkeling en ons klassies wissel van:

- 12 - 16 babas per klas,
- 15 - 20 peuters/lopertjies en kruipertjies per klas,
- 15 - 20 peuters, sterk lopertjies/ toiletafrigtingsklas,
- 25 kleuters per klas
- 25 - Graad RR klas

met 1 opgeleide personeellid en 1 indiensopgeleide assistent per groep. Vir babas en kleiner peutertjies sal 1 addisionele assistent per 6 kinders voorsien word. Indien die groep vergroot, sal dit slegs wees omdat daar ‘n dringende noodsaaklikheid daarvoor ontstaan het.

2. Ons bied:

- Christelike beginsels wat toegepas word in die opvoeding van u kind.
- musiekklassies deur ‘n musiekterapeut aangebied.
- heeldag strelende agtergrondmusiek
- gekwalifiseerde personeel.
- doelgerigte, kindervriendelike geboue en speelareas
- rekenaargeletterheid vir gr.RR gedurende die tweede semester
- Living Ball: balgesentreerde sportafrigting sonder kompetisie – slegs die aanleer van balvaardighede

3. Aankoms en vertrektye

- Kleuters en babas word deur die personeellid aan diens om 06:45 ontvang. Let asseblief daarop dat kleuters nie by die hek afgelaai mag word nie, maar deur die ouer aan die personeellid aan diens oorhandig moet word. Die intekenregister word met aankoms en met vertrek deur die ouer ingevul en geteken. Om 07:00 kom die res van die personeel aan diens en sal dan in die klaskamers wees. Ouers word versoek om betyds te wees, aangesien die dagprogram om 08:00 begin en u kleuter sekere aktiwiteite kan misloop as hy/sy laat is.
- Vertrektyd is vanaf 13:00 tot 17:15.
- Kleuters word nie na wagtende motors gestuur nie, maar word persoonlik deur die ouers afgehaal. Ouers word dringend versoek om nie laat te kom nie, aangesien dit `n klein kindjie hewig ontstel as almal vertrek en hy/sy alleen agterbly. **Geen kleuter sal die perseel saam met iemand anders verlaat tensy die ouer se toestemming daartoe in die uittekenboek verleen is nie.**
- Wees asb. baie versigtig vir aankomende verkeer as u aankom of vertrek.
- Vakansiedae sal die skool gesluit wees. Gedurende 2015 is daar ‘n hele klomp langnaweke wat deur die departementele skole gehou gaan word. Ons val daarby in, aangesien dit aansluit by die publieke vakansiedae.

L.W. Indien kleuterskoolure oorskry word, is ‘n boete van R120,00 per kind per kwartier dadelik betaalbaar aan die diensdoenende personeellid.

4.Verversings en voedsel:

- Ontbyt: 8:15 (hawermout,/mieliepap/ Weet Bix)
- Verversings: 10:00
- Middagete vanaf 11:30 (spyskaart teen kennisgewingbord)
- Verversings: 14:30
- Skoon, vars drinkwater is altyd beskikbaar.
- Indien `n kind allergies is, moet die personeel van **Vinkel & Koljander** daaroor ingelig word.

*** Indien u kind allergies is, moet die nodige voedsel deur die ouer voorsien word.**

- **Geen lekkergoed of voedsel mag van die huis af gebring word nie. Hierdie gebruik veroorsaak baie moeilikheid tussen die kleuters en ons wil dit liefs vermy.**
- Vrydag is bak-en-brou.

Spyskaart:

Alle spyskaarte sal die volgende insluit:

Ontbyt	‘n Graankos of gaar pap met melk
Middagete	‘n Broodjie/ broodalternatief 2 vrugte of groente Vleis/ vleisalternatief Melk
Versnaperings	Enige 2 voedselgroepe

5. Kennisgewing

- Ouers moet asseblief die skoolkantoor skakel indien `n kind afwesig sal wees. **Kleuters met aansteeklike siektes moet tuis gehou word tot die siekte nie meer aansteeklik is nie.**

  Let wel: Kopluise word deur die Dept. Gesondheid as ‘n aansteeklike siekte beskou.
- Skriftelike kennis van een kalendermaand word vereis indien u kind die skool sou verlaat.
- **Novembermaand word nie gereken as `n kalendermaand nie, fooie is steeds in November en Desember betaalbaar**!

6. Kleredrag: Kleuters

- U kleuter moet elke dag ‘n gemerkte tassie saambring met 2 ekstra stelle klere indien daar ‘n onvoorsiene “glipsie”/ongelukkie plaasvind. Hou asb. die weer ook in gedagte.

- Voorsien u kind asb van ‘n kombersie en kussing vir rustye. Daar is ook ‘n ouer wat teen vergoeding matrasoortreksels maak. U kan bestellings daarvoor by die kantoor plaas. **Neem elke Vrydag om te was en besorg Maandae terug. Ekstra komberse sal wel by die skool ook aangehou word.**
- Probeer asseblief toesien dat u kleuter klere aantrek waarin hy/sy met gemak kan speel en wat ook mag vuil word. Speel en verf, sand en modder is deel van die dag se “werk” en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan hierdie belangrike aktiwiteite. Pak asb. elke dag ‘n warm truitjie of baadjie in, indien dit skielik koud raak.
- Kleuters word ook aangemoedig om selfstandig te wees en daarom moet ouers toesien dat kledingstukke maklik deur die kind self aan- en uitgetrek kan word.
- ‘n Gemerkte hoedjie en sonbrandroom moet ook skool toe gestuur word.
- **Wastye**: Tydens die dagprogram was die kinders hulle hande en gesigte gereeld, soos ook voor verversings en etes. Voor vertrek word hande, gesigte en voete gewas; gun die middagpersoneel die kans om dit te doen.

7. Kleredrag: Babas en Peuters

Plaas in u kind se sak:

- 6 doeke
- 3 stelle skoon klere (hou die weer in gedagte)
- 2 borslappies
- 1 plastieksak vir vuil klere
- boudjiesalf
- Wet Wipes
- enige ekstra rome
- dun en dik kombersie
- speelding van sy keuse, let wel vir sy kot
- maak eie kot mooi met beddegoed, indien verkies (skool beskik oor eie lakens)
- Gesteriliseerde bottels met afgekoelde kookwater

- Eie melkformule en babapap
- Sap en Purity- vrugte, indien verkies
- Sodra u baba nie meer babapap en melkformule gebruik nie, voorsien die skool alle kosse.
- **Verbruikbare voorraad**:
- Babas – 12 pakke wet wipes
- 1-5 jaar kleuters – 6 pakke tissues, 12 toiletrolle, 8 pakke wet wipes.
- **Skryfbehoeftes**:
- 1 x knoppieslegkaart vir Vissieklas;1 x houtlegkaart (Bytjieklas: almal wat in November en Desember 2012 en Januarie - Junie 2013 gebore is – 6 – 12 stuk; Apieklas: almal wat in Julie – Desember 2013 gebore is – 4 – 8 stuk; Beertjieklas: almal wat in 2012 gebore is , buiten kleuters wat in November en Desember 2012 gebore is– 12 – 36 stuk; Leeutjieklas: almal wat in 2011 gebore is – 24 – 48 stuk)
- 1 x storieboekie volgens die vlak van die kind – koop asb. ‘n boekie wat in die klas voorgelees kan word
- 1 pakkie met 3 Pritt’s en ‘n houertjie houtlym
- 2 *white board markers* vir 2011 en 2010 kleuters
- 1 pakkie Jumbo-vetkryt vir die klasse 2012 en jonger; 1 pakkie driehoekinkleurpotlode vir almal bo 2011
- 1 papierskêrtjie (van die ouderdom 3 jaar); indien u kleuter definitief linkshandig is sluit asb. ‘n linkshandige skêr in. Vir kleuters van 2012 koop liefs ‘n gidsskêrtjie.
- 2 rieme wit papier
- 1 riem gekleurde karton
- 1 voorskoot

Let asb. daarop dat hierdie voorraad deur u kleuters op ‘n daaglikse basis gebruik word en daarom as verbruikbaar beskou word. Indien u kleuters die skool om welke rede verlaat sal die volgende aan u terugbesorg word:

1. Die voorskoot
2. Die storieboekie
3. Die skêrtjie
4. Die houtlegkaart

8. **Verjaarsdae**:

- ‘n Verjaarsdag is ‘n groot gebeurtenis in elke kind se lewe en ons deel graag daarin. Reël net asseblief met die onderwyseres indien die kind partytjiepakkies en/of koek skool toe bring, want daar het al meer as een kleuter op dieselfde dag verjaar. **ONS SPEELTERREIN IS TE HUUR @ R500.00 VIR KINDERPARTYTJIES; NAVRAE IN DIE KANTOOR.**

9. Medisyne:

- ‘n Medisynekassie is in die klasse. U is verantwoordelik om in die medisyneboekie opdragte neer te skryf en om die medisyne weer huis toe te neem. Antibiotika sal in die yskas in die kombuis gebêre word. Daar sal geen medisyne toegedien word indien u nie daarvoor geteken het nie. Slegs voorskrifmedisyne en medikasie wat noodsaaklik is, sal toegedien word. Vitamienstrope en ander medisyne wat u tuis kan gee word nie toegelaat nie.
- Geen medisyne sal in sakke toegelaat word nie!
- Indien u kind se koors 38˚ is, word u geskakel en u moet dan u kind onmiddellik kom haal om na die dokter te neem.
- Indien u kind diaree of enige aansteeklike siekte onder lede het, is dit u plig om die onderwyser daaroor in te lig sodat die nodige voorsorgmaatreëls getref kan word.

10. Speelgoed.

- Geen speelgoed wat van die huis af gebring word, word by **Vinkel & Koljanderkleuterskool** toegelaat nie!
- Daar sal slegs troosters in die babaklasse toegelaat word.

11. **Vordering:**

- Kleuters word gereeld geassesseer volgens die Departement van Onderwys se standaarde.
- ‘n Gestandardiseerde rapport word halfjaarliks uitgegee en ‘n verslag na die eerste en derde kwartale. Hierdie dokumente sal altyd aan u gegee word op die laaste departementele skooldag van ‘n kwartaal.

- ‘n A5- boekie sal aan elke ouer verskaf word om as kommunikasiemiddel tussen die skool en ouer te dien. U sal daagliks ingelig word aangaande u kind se aktiwiteite en algemene gesondheid en gedrag.
- U ontvang ook gereelde omsendskrywes rakende belangrike sake.

12. Probleme en afsprake

- Ouers word hartlik uitgenooi om enige probleme met ons te bespreek. `n Kwartaallikse oueraand sal gehou word om te verseker dat ouers en personeel ongestoord kan gesels.
- Oggendpersoneel is een middag per week beskikbaar.
- Indien ‘n kind se dissipline of gedrag vir ons onaanvaarbaar is, sal die juffrou en hoof ‘n afspraak maak met die betrokke kind se ouers en aan ‘n oplossing probeer werk. Indien ons as skool voel dat die betrokke insident van so ‘n aard is dat ons die hulp van ‘n derde party soos ‘n sielkundige, arbeids- of spraakterapeut benodig, sal u voortydig ingelig word.

13. Sekuriteit

- Die skool verleen toegang aan ouers wat bekend is met die kode om die voorste hek te ontsluit.
- Daar is ook ‘n kamerastelsel wat die komme en gane van persone monitor.
- Indien iemand anders as die geregistreerde persoon op die databasis u kind kom oplaai moet dit direk met u kind se juffrou gereël word. Daar is ‘n briefie in die klas wat u moet invul om u goedkeuring te verleen. Andersins kan u my ook telefonies kontak en dan word dit so met die onderwysers aan diens uitgeklaar.

14. Fooie:

<u>Nuwe aansoeke</u>

Deposito per kind, wat as kennismaand verreken word (eenmalig of oor 3 maande R536.66 + R536.66 +R536.66)	R1 830.00
Aanvangsfooi per kind (registrasie, admin en opstel van sekuriteitsisteem) (eenmalig betaalbaar)	R350.00

Skoolfooie

Betaling moet asb. voor of op die 1 ste van die maand geskied.

Skoolfooie is oor 12 maande betaalbaar.

Fooie vir een kind	R1 830.00 per maand
Voldag & Halfdag	
Fooie vir twee kinders	R3 510.00 per maand
Voldag & Halfdag	
Fooie vir drie kinders	Op navraag
Voldag & Halfdag	
Dagbesoekers	R120 per dag

15. Algemeen:

- Kyk asb. vir meer inligting op ons webtuiste: **www.vinkelnkoljander.co.za.** asook op ons FACEBOOK bladsy.
- Ons gebruik ook sms'e om ouers te herinner aan gebeurtenisse**. Ons stuur ook u rekeningstaat per e-pos aan u.**

OUERBETROKKENHEID

Ons bewerkstellig ouerbetrokkenheid d.m.v.:

- Daar word voortdurend gedurende die jaar funksies aangebied wat nie net u nie, maar ook die grootouers en ander familielede betrek.
- Al hierdie datums word op die skoolkalender aangebring. Indien daar ekstra ander funksies plaasvind, sal dit per omsendskrywe aan u gestuur word.
- Gedurende die laaste kwartaal sal ons 'n konsert/ kunsmark hou en 'n afsluitingsfunksie in die vorm van 'n Kersboom. Daar sal nie 'n konsert en 'n kunsmark in dieselfde jaar gehou word nie

Vriendelike groete,

Laura Willer

Vinkel & Koljander Kleuterskool.